So is ons verraai (6)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

Die Statuut van Westminster, 1931

Die bepalings van die Balfour-verklaring het wetlike status verkry toe die Statuut van Westminster in 1931 deur die Britse Parlement bekragtig is. Met dié wet het Brittanje formeel van sy regering oor die dominiums afstand gedoen en van toe af het die Britse kroon slegs 'n seremoniële rol in hierdie lande vervul. Hulle aanvaarding daarvan was absoluut vrywillig en kon te eniger tyd herroep word indien 'n dominium so sou besluit. Vir die Boerevolk het dit die einde van 125 jaar van grondwetlike onderdrukking beteken. Vryheid het gekom sonder dat daar 'n enkele skoot geskiet of 'n druppel bloed gestort is.

Armoede

Alhoewel die "Statuut van Westminster" 'n einde aan Britse parlementêre heerskappy oor Suid-Afrika gebring het, het dit nie 'n jota of titel verskil aan die Britse- en internasionale ekonomiese uitbuiting gemaak nie, en die "groot" wonder van die nuwe politieke vryheid is heeltemal oorskadu deur die geweldige endemiese armoede van die Boere-Afrikaners sedert die Republieke deur die Britte verwoes is. Tydens die Groot Depressie van 1929 en gepaardgaande ernstige droogte het die smarte en ellende landwyd vererger. 'n Onafgebroke stroom verarmde Boere-Afrikaners het van die oop platteland na die oorbevolkte, miserabele agterbuurte van die groot stede gevloei. Daar was geen sanitêre infrastruktuur nie en hele gesinne is in 'n enkele klein kamertjie van 'n sinkkrot of 'n tent saamgebondel. Slegs die "gelukkiges" het werk op die myne bekom waar Boere 90 persent van die blanke ondergrondse werksmag uitgemaak het. Hulle was prakties van goed betaalde en veilige bogrondse werk uitgesluit en moes die moeilike en gevaarlike ondergrondse werk verrig. Myntering en mynongelukke het hulle getalle uitgedun en teen die ouderdom van 40 jaar was die meeste ondergrondse werkers sodanig deur longsiektes aangetas dat hulle nie verder kon werk nie. Die Engelse myndokters het hulle kapitalistiese werkgewers teen die betaling van ongeskiktheidskompensasie beskerm deur uiters selde myntering as die oorsaak van ongeskiktheid of dood aan te gee, met die gevolg dat die weduwee en kinders sonder 'n duit op straat geëindig het (*Naudé: 187-197; Giliomee "The Afrikaners": 324*).

Die enigste uitweg vir die duisende wat nie werk op die myne bekom het nie, was om met pik en graaf 'n hongerloon te verdien, maar selfs die soort werk was nie volop nie en is aan swartes wat bereid was om vir nog minder te werk, gegee (*Grosskopf et al. Deel 1: xix; Giliomee "The Afrikaners": 322*). Al meer en meer Boere-Afrikaners het moed verloor en in die krotbuurte van die groot stede agteruitgegaan. Die "Armblankevraagstuk" is onder die vaandel van die Amerikaanse Carnegie Stigting wetenskaplik bestudeer en daar is bevind dat 300 000 — ongeveer 'n kwart van die ganse Boere-Afrikanerbevolking — teen die begin van die 1930's 'n hongerbestaan onder die broodlyn van £12 per maand gevoer het; terwyl 'n verdere 48 persent doodeenvoudig "arm" was. 'n Skrale 27 persent van die bevolking was nie armlastig nie (*Grosskopf et al. Deel 1: v-xxxiii; Giliomee 2009: 25*).

© 2020

Teen 1939 het beswaarlik die helfte van alle Afrikaanssprekende kinders hoërskool toe gegaan; agt uit 100 het matriek bereik. Slegs drie persent van die land se maatskappydirekteure was Boere-Afrikaners, soos ook drie persent van die land se ingenieurs, vier persent van sy boekhouers en vyftien persent van sy mediese dokters. Die werkersvakbonde het Boere-Afrikaners van ambagte uitgesluit omdat hulle bevrees was dat die Afrikaners vir laer lone sou werk en Engelse vakmanne sou uitskuif; gevolglik het Afrikaanssprekendes slegs 25 persent van alle geskoolde arbeidsposte gevul. Selfs diegene wat werk op die laer vlakke van die staatsdiens bekom het, het 'n stryd om oorlewing gevoer: spoorwegwerkers het byvoorbeeld vyf sjielings of minder per dag verdien terwyl die minimum lewenskoste van sogenaamde "beskaafde arbeid" op agt sjielings per dag vasgestel was (*Giliomee: 322-323, 357-358*).

Onder hierdie haglike omstandighede het private besigheidsondernemings 'n gesamentlike poging aangewend om die ellende onder hulle volksgenote te verlig. Hulle het 'n ekonomiese strategie, genoem volkskapitalisme, ontwikkel: Boere-Afrikaners het die bietjie geld wat hulle gehad het gebruik om maatskappye te stig wat dividende vir sy aandeelhouers kon verdien en om werk aan die armes en die werkloses te verskaf. Banke, bougenootskappe, landboukoöperasies, versekeringsmaatskappye, beleggings-korporasies en talle ander ondernemings is op die been gebring. Die uiteindelike sukses van hierdie ondernemings was op arbeidsaamheid en spaarsamigheid gebaseer. In die opvolgende dekades het die meeste van hierdie ondernemings in groot en suksesvolle besighede ontwikkel (*Du Plessis, E.P.: 52-153; Giliomee: 2009:13*).

© 2020